What box?!

(August 2019)

So far, the 3rd Term has been a busy one with exams, educational trips and lots of other events happening.

Marlothii word 4!

Op 18 Julie 2019 het die sentrum 4 jaar oud geword!

Die studente sowel as die personeel het partytjie gehou soos net ‘n Marlothii kan en glo my, hulle KAN. Almal het bygedra met heerlike eetgoed en natuurlik was daar nie een nie, nie twee nie, maar sommer 3 “Marlo” koeke gewees om aan te smul.

Terwyl die musiek gespeel het, het ‘n paar studente net soos met die Trolls fliek gedink *“I got this feeling inside my bones, it goes electric wavy when I turn it on”* en gedans dat jy letterlik net een groot stofwolk sien hang het.

Net toe almal dink die feesvieringe is verby en daar gaan nou weer gewerk word, word daar aangekondig dat speletjies speel volgende op die lys van pret is. Wat ‘n gejuig en dankbare gesigte orals. Wie is inelkgeval lus vir werk na jy jouself amper vergryp het aan al die partytjie eetgoed? Die danspassies het beslis nie daai koek al afgeskud nie.

Na die speletjies, wat vir baie vermaak en lag gesorg het, het almal saam poseer vir ‘n foto vir die plaaslike koerant. As Marlothii verjaar, moet almal saam feesvier.

The value of Marlothii:

I asked the question “What does Marlothii mean to you as person?” to the teachers and this was the responses:

“I started off at a bad place in my life and Marlothii helped build me up into the person I am now. The children’s love for us is awesome and it is great and easy to work with the rest of the teachers. I actually want to get up in the

morning and come to work. It is a pleasure to be able to teach every child according to his or her specific needs."

"I really enjoy it at work and appreciate the love the children have for us. It is great to see them grow into a Marlothii after being released from the box life tries to force them into."

"Marlothii is a place of love and caring."

"It's a home away from home."

"It's a safe haven."

"It's a 2nd chance without judgement."

Sportdag – 26 Julie 2019



Dit was 'n koel wintersoggend, maar die Marlothii's was reg vir die geveg wat wag. Ingedeel in hulle 4 spanne het hulle mekaar die vrees op die lyf probeer jaag met hulle spankrete en die "war paint" op hul gesigte. Dit was 'n see van kleur tussen die Blou Smurfs, Groen Marlos', Pink Fluffy Unicorns en die Purple Pumas. By die sportveld moes elke span sy eie kruiwa versier om mee deel te neem aan die resies en toe begin die sports!

Daar is geklim, gespring, geklouter en tot "geleopard crawl". Met die sakresies was daar een besonderse duikrol gewees wat omtrent een vir die geskiedenisboeke is. Die Monstertjies het die toutrek verskriklik baie geniet en het soos vlaggies gewapper soos hulle vasklou by die middelpunt van die tou wanneer 2 spanne mekaar die stryd aanvoer. Die onderwysers het ook deelgeneem aan 'n eierlepel resies en na 'n paar kulslae kon niemand met sekerheid sê wie nou eintlik die resies gewen het nie.

Dit was ‘n heerlike dag, maar niemand kan ooit in woorde verduidelik die spangees en kameradie wat daar was tussen al die studente nie. Die groot vraag tussen die onderwysers was dat hulle wonder hoe lank dit gaan vat voor die Marlothii’s van 4 spanne na 1 verander. En dit was glad nie lank nie. Na een rondte om die baan was hulle uitdaging om ‘n ent ver en terug te hardloop. Met die terugkom slag het die studente hande gevat en as een span terug geloop. Dit laat mens trots voel om te weet dat as jy ‘n Marlothii is, kan jy weet jy word nooit agtergelaat nie. Daar is ‘n hele sentrum vol maats wat sal seker maak dat jy ook by die eindpunt aankom.

Die aktiwiteite het afgesluit met heerlike worsrolle en koeldrank, en natuurlik uitgeputte maar gelukkige studente.

Die Groen Marlos’ het met die prys vir beste versierde kruiwa weggestap en die Purple Pumas was die algehele wenners vir die dag.

Elephants Family Day – 3 August 2019

We want to thank everyone for their support and popping in to say hi, at the family day. It was a quiet but still successful day and we did manage to get some funds for the sentrum by selling some of our goodies. We hope to see you all at the next gathering.

Gold Reef City – 22 August 2019

We all know that getting a child up for school is like pulling teeth. But… If you add these three small words, “Gold Reef City”, it will make them leap out of bed at 3:00 in the morning! Armed with pillows, blankets and snacks the students sat in anticipation all the way to Gold Reef City, ready to have a day of fun.

We started the trip off with a documentary in the movie theatre about the gold rush and gold fever in Johannesburg in the early 1900’s. Afterwards everyone lined up, got their hard hats and waited patiently to be taken down into the mine. It was all fun and games until we realised, they will be squeezing us into the lift cage like sardines! It did make for

some good laughs and everyone enjoyed the ride down the dark depths of the earth. The mine tour was really interesting, and everyone now has a much better understanding about mining for gold in the early days.

Hard hats off it was time for the fun part of the day, the rides that Gold Reef City offers. Students and teachers were divided into groups and went their separate ways to take on which ever ride they fancy. There were a whole lot of brave students wanting to ride the "Tower of Terror" and the "Anaconda" but how many actually did is left for speculation. Unfortunately, the thriller rides is set up in such a way that taking photographs is impossible and therefore we do not have any evidence as to who the brave ones were.

Our monster group had a blast at the kiddie zone, having their own child-friendly versions of the "Big Wheel" and "Anaconda" as well as other rides. The "Anaconda" being a cute, green worm rollercoaster, just fast enough to give them a thrill but slow enough to not be scary.

Lunch time was promptly at 14:00 and everyone was amazed at how quickly the Barcelos staff managed to get our big order for burgers, chips and cold drinks ready.

After lunch it was back for final rides before ending the day off with ice creams and then the trip home.

The day turned out great, the weather was nice and sunny, and everyone had fun. Thank you to everyone that helped to make this trip possible.

Also, a big thank you to our bus driver who drove us all safely to and from Gold Reef City. The way he navigated his way through rush hour traffic does give one a new respect for all bus drivers and the trips they do every day.

Herwinningsprojek:

Onthou asseblief van ons herwinningsprojek wat steeds aan die gang is. Dit is vir ons belangrik om nie net ons omgewing skoon te hou nie maar om ook die waarde van herwinning vir ons studente te leer.

<u>Die volgende items kan gebring word:</u>

Plastiek: broodknippies, bottels, bottelproppe (melk en gaskoeldrank)

Glas: enige glasbottels of glas items

Blikkies: enige koeldrankblikke sowel as ander blik produkte

Nota: Onthou asseblief om items soos tuna blikkies net ‘n vinnige spoel onder die kraan te gee om kosdele te verwyder. Ons wil nie graag ongenooide gaste soos muise hê wat kom intrek by die sentrum nie.

Marlothii's Got Talent – 5 September 2019

Our big showstopper event, Marlothii's Got Talent will be held on the 5th of September 2019, at 18:00. Entrance fee is R10 per person. There will be burgers and cold drinks for sale at the Tuckshop. You do not want to miss this evening!!

Sentrum closing for the holidays – 20 September 2019

The sentrum will close on 20 September 2019 and open again on 1 October 2019. It is only a short break away and we hope you will all enjoy the time to relax.